



JAKES GERWEL STIGTING JAARVERSLAG 2023



JAKES GERWEL

Stigting • Foundation



Inhoudsopgawe

4

Meer oor die stigting

7

Hoogtepunte van die jaar

8

Syfers spreek boekdele

9

Uitreikprojekte

16

Residensies

29

Wie ons is

30

Dié wat ons hande sterk

“

My hoop is dat die land die beste wat in
hom is, sal verwesenlik.

– Jakes Gerwel

”

MEER OOR DIE STIGTING

Die Jakes Gerwel Stigting (JGS) ...

- vier die nalatenskap van professor Jakes Gerwel.
- ontwikkel die talente van opkomende skrywers.
- streef na gelykheid in 'n sosio-ekonomies ongelyke Suid-Afrika.
- verryk die Suid-Afrikaanse literatuur.
- wil jongmense in staat stel om te kan lees.

Wie was Jakes Gerwel?

Jakes Gerwel is op 18 Januarie 1946 op die plaas Malvern naby KwaNojoli (Somerset-Oos) in die Oos-Kaap gebore.



As UWK-rektor het hy dié universiteit tot 'n gerekende instelling uitgebou.



Hy studeer aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) waar hy later in die Afrikaanse letterkunde doseer.






Jakes Gerwel
het dertien
eredoktorsgrade
van universiteite in
Suid-Afrika en
wêreldwyd ontvang.



Tussen Mei 1994 en Junie
1999 was Gerwel direkteur-
generaal van oudpresident
Nelson Mandela se kantoor
en sekretaris van die kabinet.

Prof Gerwel
dien in
verskeie rade
in die privaat
sektor.



Paulet Huis in KwaNojoli in die Oos-Kaap is ...

- die spilpunt van die Jakes Gerwel Stigting se projekte.
- 'n inspirerende hawe vir skrywers.
- 'n broeikas vir opkomende talent.

Foto: Reginald Hufkie



Waarom die fokus op skryfkuns?

- Té veel skrywerstemme is vir té lank stilgemaak.
- Stories het die vermoë om te transformeer en te genees.
- Skrywers neem trots en hoop na gemeenskappe.
- Boeke leer ons kinders lees.

HOOGTEPUNTE VAN DIE JAAR

Die Korf is 'n splinternuwe platform op die JGS-webblad. Hier kan skrywers voortdurend inligting bekom oor uitsonderlike nasionale én internasionale geleenthede – soos residensies, beurse, feeste, werkswinkels en meer.

In samewerking met M-Net Kanale bied die Stigting vir die eerste keer 'n mentorskapsprogram vir opkomende televisiedraaiboekskrywers aan.

Die beoordelaarspaneel van die gesogte kykNET-Rapport-boekpryse gee erkenning aan die Stigting se noemenswaardige bydrae tot die letterkunde. In 2023 pryk heelparty JGS-skrywers op die kortlyste.

'n Vennootskap met die Columbia-Universiteit word gesmee om die JGS se eerste internasionale genootskap moontlik te maak. Chase Rhys is die eerste ontvanger van dié uitsonderlike geleentheid en sal in 2024 vir ses weke in New York meesterklasse aanbied.

SYFERS SPREEK BOEKDELE

Sedert 2018 is

65 000

storieboeke aan kinders geskenk.

Die JGS se blog, Paulet House Stories, huisves reeds meer as

600

stories.

Meer as

350

aansoeke om aan ons residensies deel te neem
word jaarliks ontvang.

130

skrywers is sedert 2019 by Paulet Huis verwelkom.

27

toneelstukke is oor 'n bestek van 5 jaar op die planke gebring.

20

jong digters word gepubliseer.

10

skrywers debuteer.

A photograph of two young boys in school uniforms, seen from behind. They are wearing blue sweaters and dark jackets. Their backpacks are colorful and feature the Jakes Gerwel Foundation logo. The boy on the right is looking towards the left. The background shows a classroom setting with a wooden ceiling and a window.

UITREIK- PROJEKTE

11

Bloukraan-boekeprojek

12


Jakes Gerwel-gesprekke

13

*Praat jy! Idees vir die skep
van 'n skryfkultuur in die klas*

14

Jakes Gerwel-herdenking


JAKES GERWEL
Stigting • Foundation
www.jgf.org.za



A blue crane stands in a field of dry, golden-brown grass. The crane has a long, slender neck, a long, thin beak, and a white patch on its forehead. Its feathers are a deep blue-grey color. The background is a soft-focus field of similar grass.

Bloukraan-boekeprojek

Met hierdie uitgebreide boekeprojek plaas die JGS jaarliks 10 000 storieboeke in die hande van Grondslagfase-leerders in die Oos-Kaapse Blue Crane- munisipale distrik. Dit sluit ongeveer 20 laerskole van KwaNojoli (Somerset-Oos), Pearston, Cookhouse en die omliggende plaasskole in. Elke leerder ontvang ook 'n rugsak wat in 2023 deur Uzwelo, 'n werkskeppingsorganisasie van KwaZulu-Natal, handgemaak is.

In samewerking met die Suidoosterfees skep die Stigting jaarliks 'n teaterproduksie wat saam toer na die skole om sodoende die kinders bloot te stel aan die wonder van die kunste en kreatiwiteit verder te stimuleer. Rafiek Mammon was die skepper van *Dicky & Tricky*, 'n kulkunstenaarstuk wat die kinders behoorlik aan die lag gehad het. Die akteurs was Gary Naidoo en Charles Tertiens.

Die geletterdheidskrisis in Suid-Afrika

Prof Nic Spaull, leidende opvoedkunde-ekonoom, bevind in die verslag *2023 Reading Panel Background Report* van Februarie 2023 dat 60% van Suid-Afrikaanse leerders die meeste letters van die alfabet nie ken teen die einde van graad 1 nie.

Die persentasie leerders wat teen die einde van graad 4 steeds nie met betekenis kan lees nie, was 78% in 2016 en het tot 82% toegeneem in 2023.

Jakes Gerwel-gesprekke


Die hoofdoel van die jaarlikse gespreksreeks by die Suidoosterfees is om 'n platform te skep waar skrywers oor hul nuutste boeke kan gesels en waar openhartige gespreksvoering – in die gees van prof Gerwel – moontlik gemaak word. Met uitstekende bywoning en goeie mediadekking en boekverkope slaag die JGS daarin om diskoers te fasiliteer.

Van die hoogtepunte sluit in 'n bespreking van Taliep Petersen se biografie deur Paula van Wyk en 'n paneelbespreking met Jacques Pauw en Pieter du Toit oor die verantwoordelikhede van joernaliste as fluitjieblasers en Chris Hani se impak op die Suid-Afrikaanse politieke landskap.



Die JGS spog ook jaarliks by hierdie geleentheid met die prestasies van skrywers wat by sy werksaamhede betrokke was. Thérèse Hulme en die Yoh!-digters van Grassy Park het gesels oor haar boek *Praat jy! Idees vir die skep van 'n skryfkultuur in die klas* (wat ook in Engels verskyn het as *My word! Ideas for creating a writing culture in the classroom*). Crystal-Donna Roberts en Deidré Jantjies het op hulle beurt gesels oor hul onderskeie kinder- en jeugverhale. So ook het Loit Sōls gesels oor sy nuutste digbundel, *Moerstaāl*, waaraan hy tydens sy verblyf by Paulet Huis gewerk het.






Praat jy! Idees vir die skep van 'n skryfkultuur in die klas

Die Jakes Gerwel Stigting, in opdrag aan die narratiewe terapeut Thérèse Hulme, het oor die jare heen belê in die kreatiewe ontwikkeling van leerders van Grassy Park Sekondêre Skool, waar Jakes Gerwel eens 'n onderwyser was. Met hierdie projek, genaamd Yohl!, kon ons met groot vreugde waarneem hoe jongmense deur verskillende vorme van die digkuns hulle stemme vind. In 2022 publiseer Thérèse Hulme die boek *Praat jy! Idees vir die skep van 'n skryfkultuur in die klas*, wat gegrond is op haar narratiewe leersessies by skole oor die jare heen. Van die Yohl-digters van Grassy Park se gedigte is ook hierin opgeneem as illustrasie van hoe kreatiwiteit in die klaskamer ontwikkel behoort te word. In 2023 belê die Stigting in praktiese werksinkels vir taal-onderwysers in die Kaapse metropool om die stimulering van skryf en lees in die klaskamer te bevorder.



Jakes Gerwel-herdenking




Met hierdie geleentheid vier die Stigting prof Gerwel se ryke nalatenskap en sy aanmoediging van innoverende denke en openhartige gespreksdeelname.

Hoëprofielsprekers en -skrywers word jaarliks uitgenooi om die Jakes Gerwel-lesing te lewer. Die 2023-geleentheid het op 23 November by Youngblood Africa in Kaapstad plaasgevind met dr Imtiaz Sooliman van Gift of the Givers as die gasspreker.

Tydens hierdie geleentheid is Chase Rhys aangewys as die eerste JGS-skrywer wat na New York sal reis om by die Columbia-Universiteit se Skool vir die Kunste meesterklasse aan te bied.

Vorige sprekers





Lebo Mazibuko



Chase Rhys



Zolani Mahola



Phoebe Gerwel



Veronique Jephtas en Lee-Ann van Rooi



Theo Kemp en Audrey Jantjies

18

Bosberg Boekskryf

20

Kommadagga-slypskool

22

Longhope TV-skryf

24

NATi Jong Sterre

26

PEN dit neer

28

Brussel tot Karoo

RESIDENSIES



Bosberg Boekskryf

Die Jakes Gerwel Stigting en NB-Uitgewers se mentorskapprogram vir opkomende skrywers van fiksie en niefiksie slaag jaarliks daarin om die JGS se bestaansrede te verwesenlik, naamlik om nuwe perspektiewe en ervaringswêreld op die voorgrond te stel, groter verteenwoor-

diging van voorheen stilgemaakte stemme na die Suid-Afrikaanse letterkunde te bring, en skrywers te onderskraag aan wie daar voorheen gebrekkige geleenthede gebied is. Die naam van hierdie program verwys na die skilderagtige Bosberge reg langs Paulet Huis.

Begunstigde skrywers in 2023

Bonisani Sibeko, Faeed Amardien, Nadia Cassim en Reginald Hufkie



Uitblinkers

Die volgende skrywers publiseer na afloop van die program:

- Audrey Jantjies (*As die katjiepiering blom*)
- Bronwyn Davids (*Lansdowne Dearest*)
- Crystal-Donna Roberts (*Speurder Sammi-reeks*)
- Deidré Jantjies (*Stories in die wind*)
- Engela Ovies (*Draairivier en Flora*)
- Lebo Mazibuko (*Bantu Knots*)
- Miriam Telanie (*Hier verlaat ek jou*)
- Shana Fife (*Ougat*)
- Sihle Qwabe (*The Resurrection*)
- Tebello Mzamo (*I Did Not Die*)

Paulet House was life changing.
It really healed me.

– Reginald Hufkie

My horisonne is verbreed, op so 'n
heel ander manier.

– Daneel Jantjies



Kommadagga-slypskool

Die Jakes Gerwel Stigting bied, in vennootskap met *Huisgenoot* en LitNet, 'n slypskool aan vir belowende opkomende kortverhaalskrywers. Die naam van die slypskool verwys na die omgewing waar

Jakes Gerwel grootgeword het. Die opkomende skrywers is tydens die residensie touwys gemaak in die kuns van kortverhale skryf vir verskillende gehore, naamlik vir *Huisgenoot* en LitNet.

Begunstigde skrywers in 2023

Daneel Jantjies, Susan Meiring, Thato Rossouw, Theresa de Necker en
Tshegofatso Nkwane

Uitblinkers

- Jodie Groener is 'n gereelde bydraer vir Netwerk24.
- Esmé Cupido, Yuwinn Kraukamp, Gaasitwe Setshedi en Liziwe Ndalana se kortverhale verskyn in *Huisgenoot*. Esmé Cupido se kortverhale verskyn ook gereeld in *Die Son* en *Kuier*.
- Yuwinn Kraukamp skryf vir Netwerk24 en *Die Suidernuus*.
- Zubayr Charles is 'n gereelde bydraer tot LitNet.
- Theolla Langenhoven skryf gereeld vir *Kuier*.

Kommadagga het die kronkelpad van my skrywersreis reguit getrek.

– Susan Meiring



I met some of the most beautiful people who inspired me to strengthen my craft and my voice. I emerged a better writer and for that I will always remember Paulet House.

— Tshegofatso Nkwane



Longhope TV-skryf

'n Praktiese en intensiewe mentorskaps-program waar opkomende draaiboek-skrywers by verskeie gesaghebbendes in die TV-bedryf kan kers opsteek oor die fyner besonderhede van dié groeiende en kompeterende bedryf. Hierdie kursus word in samewerking met M-Net Kanale aangebied. Hierdie samewerking bied nie net vir jong skrywers die geleentheid om

eerstehandse kennis op te doen by aktiewe rolspelers in die bedryf nie, maar na afloop van die kursus kry die kandidate ook die geleentheid om 'n internskap by hierdie leidende maatskappy te doen. Die deelnemers van 2023 het by verskeie vervaardigers deeltydse werke ontvang, waaronder *Suidooster*, *Binnelanders*, Penguin Films en Tshedza Pictures.

Begunstigde skrywers in 2023

Gita Fourie, Niël Coetzee, Palesa Shongwe, Ross Jantjies en Sindisa Masiza



I made a personal vow to proudly carry the metaphorical badge of honour associated with Paulet House. My promise is simple: I'll represent Jakes Gerwel in every possible way.

– Ross Jantjies

Toe ek die dag van Somerset-Oos wegry, was ek opnuut geïnspireer om te skep.

– Gita Fourie



The combination of practical lessons, as well as the beautiful home we were in, was a perfect recipe for creativity.

– Sindisa Masiza

The Jakes Gerwel Foundation made the intangible tangible for people like me on the outskirts of the South African film/TV industry.

– Niël Coetzee

NATi Jong Sterre

NATi (Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief), die Jakes Gerwel Stigting, Suidoosterfees en Artscape belê jaarliks in die ontwikkeling van opkomende dramaturge. Na 'n intensiewe toneel-skryfprogram by Paulet Huis word die jong dramaturge se werk ontwikkel om by die

daaropvolgende jaar se Suidoosterfees op die planke gebring te word. Die dramaturge kry verder die geleentheid vir 'n voorlesing van hulle werke by New Voices, waar die gehoor waardevolle insette lewer.

Begunstigde skrywers in 2023

Cara Rossouw, Geralt Cloete, Miché van Wyk, Mikayla Brown en Miliswa Mbandazayo





Jakes Gerwel Stigting gee Suid-Afrika 'n diverse stem.

— Miché van Wyk

Uitblinkers

- Henque Heymans, wat in 2021 deel was van die program, word die daaropvolgende jaar met die ATKV se Prys vir Dramateks bekroon vir *Oom Bey, my pa*.
- Herschelle Benjamin, JGS-deelnemer in 2019, se bekroonde drama, *In Slavenhuis 39*, word in 2023 by Protea Boekhuis gepubliseer.
- Dianne du Toit Albertze, ook 'n deelnemer van 2019, se debuutroman, *bottelnek breek bek*, is in 2023 op die kortlys vir die Jan Rabie-Rapport-prys.
- *Antwoorde*, Zack Mtombeni se teks wat hy by Paulet Huis geslyp het, word in 2023 vir die ATKV se Prys vir Dramateks benoem.
- So ook is Gerhard Visagie se teks *Mannetjie* in 2021 vir die ATKV se Prys vir Dramateks benoem.

PEN dit neer

Hierdie residensie het ten doel om vir beide gevestigde en opkomende skrywers die geleentheid te bied om onverpoos aan hulle manuskripte te kan werk. Die Stigting is in 'n trotse vennootskap met PEN – 'n organisasie met wêreldwye takke wat

omsien na die belange van skrywers. PEN Afrikaans en PEN South Afrika is die ankervennote en in 2023 is internasionale skrywers verwelkom met die samewerking van PEN Duitsland en PEN Malawi.

Begunstigde skrywers in 2023

Christoph Nix, Gaireyah Fredericks, Kirsten Deane, Tertius Kapp, Temwani Mgunda en Zubeida Jaffer

Uitblinkers

- Kirby van der Merwe werk in 2019 by Paulet Huis aan sy roman *Eugene*. Hiervoor word hy in 2023 bekroon met beide die Jan Rabie-Rapport-prys en die kykNET-Rapportprys vir fiksie.
- Ryan Pedro, wat saam met Kirby by Paulet Huis was, se digdebuut, *pienk ceramic hondjies*, ontvang in 2021 die UJ-debuutprys.
- Ronelda S Kamfer se vierde digbundel, *Chinatown*, verskyn in 2020 op die kortlys vir die Elisabeth Eybersprys vir poësie.
- Veronique Jephtas se digdebuut, *Soe rond ommie bos*, is in 2023 op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys.
- Gaireyah Fredericks se kortverhaalbundel, *een voet innie kabr*, verskyn in 2024 by Kwela.
- Tydens die COVID 19-pandemie skep die vindingryke PEN-skrywers 'n album met gedigte en klank, naamlik *Derde golf: Gedigte uit Somerset-Oos*. Dit sluit die werke in van Andries Bezuidenhout, Lydia Gittens, Mercy Kannemeyer, Salvia Ockhuis en Valda Jansen.
- Loit Sōls se bundel *Moerstaāl* is in 2023 op die kortlys vir die UJ-prys.
- Lynthia Julius, wat in 2019 'n residensie by Paulet Huis bygewoon het, se *Uit die kroes* het in 2020 verskyn. Die gesogte Jan Rabie & Marjorie Wallace-Skrywersbeurs is in 2024 aan haar toegeken.

The three weeks I spent at Paulet House did not only offer me the much-needed time and space to finish working on my manuscript for a short story collection but it also offered me the rare opportunity to interact with authors from other parts of the world. The evenings after dinner were filled with memorable moments of sharing literary experiences as well as personal stories.

– Temwani Mgunda



What makes the Foundation so special is that writers are brought together from different worlds. You have to question and think: Who are we as South Africans?

– Tertius Kapp

Brussel tot Karoo

Jakes Gerwel het sy doktorsgraad in literatuur en filosofie aan die Vrije Universiteit Brussel in België voltooi. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Jakes Gerwel Stigting hande neem met Passa Porta, 'n internasionale literatuur-

huis in Brussel, om skrywers van verskeie wêrelddele byeen te bring. Sodoende wil die JGS graag kruisbestuiwing tussen die werk van skrywers komende uit verskillende agtergronde teweegbring en die letterkunde – hier en elders – verruim.

Begunstigde skrywers in 2023


Danie Marais, Paul Kammies, Tom Naegels, Lisa-Anne Julien en Neske Beks

Because of the project, I see myself as more than just someone who writes; I now see myself as a writer.

– Thato Rossouw



WIE ONS IS

			
Phoebe Gerwel	Prof Brian De Lacy Figaji	Mnr Goolam Mohammed Aboobaker	Mnr Mustaq Ahmed Enus-Brey
Stigterslid	Trustee (Voorsitter)	Trustee	Trustee
Uitvoerende direkteur	Trustee	Trustee	Trustee
Theo Kemp	Dr Anna Maria van der Merwe	Dr Wilmot Godfrey James	Mnr Mfundo Clement Nkuhlu
			

Medewerkers

Publisiteitkoördineerder: Bronwyn Davids

Webmeester: Naomi Bruwer

Webwerfinstandhouding & Die Korf: Liné Loff

Video- & fotograaf: Jeremeo Le Cordeur

Rekenmeester: Arthur Seale (Boss Accountants)

Projekleiers: André Landman (Argief), Nompumelelo Sokoyi (Boekeprojek) en Thérèse Hulme (Praat jy!)

Mentors: Angela Briggs en Suzette Myburgh (Bosberg Boekskryf), Fourie Botha en Thabiso Mahlape (Kommadagga-slypskool), Tina Kruger (Longhope TV-skryf), Lee-Ann van Rooi en Rafiek Mammon (NATi Jong Sterre)

Paulet Huis: Gilbert van Zyl (sjef), Donovan Taai (tuinier), Siena Arends en Charmaine Taai (huispersoneel)

DIÉ WAT ONS HANDE STERK


Donateurs












Vennote